Nuusbrief Oktober 2024

Liewe vriende

Die afgelope paar maande was baie moeilik vir Wolf toe Wenda terminaal siek geword het met breinkanker. Op 27 April is sy oorlede in hulle huis in die Paarl. Die begrafnis was 8 Mei vanuit die NG Kerk Drakenstein in die Paarl. Ons bid dat Wolf die Here se oneindige liefde en nabyheid sal ervaar in hierdie baie moeilike tyd waar die hartseer en gemis hom soms wil oorweldig.

Op 17 Mei het Wolf na vele wik en weeg Kameroen toe gevlieg vir OMS se 6 maandelikse Afrika en Madagaskar konferensie. Wolf was baie dankbaar om daar te verneem van ekstra fondse wat beskikbaar geraak het vir die aankoop van digitale projektors en motorfietse. Dit is uitsonderlik. In die verlede kon hulle net elke nou en dan ‘n motorfiets aankoop. Nou kan hulle binne ‘n paar maande 4 motorfietse en 4 fietse aankoop! Hy sê hulle is baie dankbaar teenoor die Here wat dit alles moontlik gemaak het. Na die konferensie is Wolf terug Suid-Afrika toe om die kerkplantingsverslae te voltooi en om die afhandeling van Wenda se boedel aan die gang te kry. Die verslae verg ekstra aandag omdat heelwat van die inligting uit afgeleë gebiede in Madagaskar moes kom.

Op 20 Julie het Wolf na Madagaskar toe vertrek. Hy sê dit was ‘n lekker verrassing toe hy saam met Pieter Groenewald, Minister van Korrektiewe Dienste gevlieg het van Kaapstad na Johannesburg toe. Pieter Groenewald was vorige jare in die Berede Eenheid met wie Wolf heelwat saamgewerk het in die tyd van die bosoorlog. Pieter het saam met sy vrou in die ekonomiese klas gevlieg en was heel geïnteresseerd gewees in Wolf se werk in Madagaskar.

Op 25 Julie het ds. Martin Goosen laat weet dat R 8 000 vir Madagaskar Bybels oorbetaal is van die Piketberg Gemeente na die Vishoek rekening.

Die onderste kaart dui die roetes aan wat Wolf gery het na Mahajanga in die noorde en Miandrivazo aan die weste, vir die aanbied van verskeie vergaderings met kerkplantings groepleiers. Twee vergaderings was ook in Antananarivo (die hoofstad) gehou.



Die aankoop en verspreiding van Bybels bly ‘n groot prioriteit. Die foto wys onder andere hoe van die manne op 25 Julie 256 Bybels ontvang het wat hulle moes versprei.

Op 13 September was Wolf weer veilig tuis na sy werksbesoek. Hy was baie dankbaar dat dit goed gegaan het te midde van ‘n paar uitdagings. Daar was ook 'n versoek om in 'n nuwe gebied te begin werk waar daar 'n heidense kerklose stam woon.

Op 18 September het ds. Martin Goosen die goeie nuus gebring dat die Sinode R 60 000 geskenk het vir Bybels in Madagaskar. Wolf was oorstelp en het die Here geloof vir Sy getrouheid. Toe Wolf in Madagaskar was, moes hy vir sekere mense wat Bybels gevra het, sê dat hy dit nie kan doen nie omdat hy nie meer geld beskikbaar gehad het nie. Met die nuwe fondse sal hy egter nou aan hulle versoeke kan voldoen!

Aan God al die eer!

Saam in Sy diens

Gideon Roos
Namens Wolf Cilliers.